

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20241107-8117

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0009/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Behoud van 2023/2024 se Jaarlikse Onderrigplanne, asook die hersiene gewigbepalings vir Skoolgebaseerde Assesering en eksamens vir graad R tot 12 gedurende 2025 se akademiese jaar

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief S33, gedateer 29 Desember 2022, uitgereik betreffende 2023/2024 se Jaarlikse Onderrigplanne, die hersiene gewigbepalings vir Skoolgebaseerde Assesering (SGA) en eksamens, asook assesseringsvereistes wat gedurende 2023/2024 se akademiese jaar in werking gestel moes word.
2. Die Jaarlikse Onderrigplanne vir graad R tot 12 het leiding verskaf betreffende die herstel van leerverliese, en is in 2023 en 2024 geïmplementeer.
3. Die Jaarlikse Onderrigplanne is vergesel van die hersiene gewigbepalings vir SGA en eksamens, asook ander belangrike assesseringsvereistes wat geïmplementeer moes word.
4. Hierdie minuut dien om alle belanghebbendes in kennis te stel dat 2023/2024 se Jaarlikse Onderrigplanne en hersiene gewigbepalings en assesseringsvereistes vir SGA en eksamens vir leerders in graad R tot 12 in 2025 van krag bly en deurgaans geïmplementeer moet word totdat dit herroep word.
5. Die assesseringsprogram spesifiseer die take, toetse, eksamens, praktiese assesseringsake (praktiese vakke) en mondelinge take (Tale) wat spesifiek op elke vak en graad vir die jaar van toepassing is.

6. Die gewigbepalings vir SGA en eksamens is soos volg gewysig:

| FASE | 2023 SE HERSIENE SGA-GEWIGBEPALINGS |
|-----------------------------------|-------------------------------------|
| Grondslagfase (Graad R tot 3) | 100% SGA |
| Intermediêre Fase (Graad 4 tot 6) | 80% SGA: 20% eksamens |
| Senior Fase (Graad 7 tot 9) | 60% SGA: 40% eksamens |
| Graad 10 tot 11 | 40% SGA: 60% eksamens |
| Graad 12 | 25% SGA: 75% eksamens |

7. Die assesseringsprogram vir beide die halfjaar- en jaareindeksamen is soos volg:

7.1 Halfjaar-/Junie-eksamen:

- (a) Graad 12: Halfjaar-/Junie-eksamen
- (b) Graad 10 tot 11: Halfjaar-/Junie-eksamen
- (c) Graad 4 tot 9: Halfjaar/Junie: slegs kontroletotse

7.2 Jaareindeksamen:

- (a) Graad 12: Volskaalse Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen
- (b) Graad 7 tot 11: Volskaalse eksamen in alle vakke
- (c) Graad 4 tot 6: Kontroletotse in alle vakke

8. Die voorgenoemde gewigbepalings vir SGA en eksamens en die vereistes vir die assesseringsprogram is **vanaf Januarie 2025 van krag en sal in plek bly totdat dit herroep word.**

9. Die bygewerkte AOO-opname- en verslagdoeningsprogramme en VOO-vakrekordblaai vir 2025 sal aan die begin van Maart 2025 op SOBIS beskikbaar gestel word.

10. Die Jaarlikse Onderrigplanne is op die DBO se webwerf beskikbaar:

<https://www.education.gov.za/Curriculum/NationalCurriculumStatementsGradesR-12/2023ATPs.aspx>.

11. Distriksamptenare en prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders, ouers/voogde en leerders te bring.

GETEKEN: BJ LORISTON

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-11-14